

Bertha Dudde deur die Innerlike Woord

Die geslagsdaad, wat saamgaan met dit wat van God verwyderd is, is aanleidend tot ongeloof – 4/1/58

NO: 7010 Elke denkende mens sou tot die insig moet kom dat 'n, na verhouding korte tyd durende aardse bestaan, sinneloos en doelloos is, wanneer die "ek" van die mens maar net in hierdie kort tydjie bestaan, **wanneer hy op die oomblik van die geboorte sou begin het en op die uur van sy dood sou geëindig het.**

Hy sou, wanneer hy 'n Skepper aanvaar, hierdie denke as baie kleingeestig moet beskou, naamlik 'n Skepper wat maar net terwille van 'n gier, wesens laat ontstaan, terwille van onbeduidende aardse sorge en vreugde. Of hy moet, wanneer hy homself slegs as 'n willekeurig ontstane produk van die natuur beskou, - homself afvra **waarom sy verstand en vrye wil sy eie is.**

Want sulke gedagtes sou vir hom twyfelagtig voorkom dat hy slegs so 'n willekeurige produk van die natuur kan wees. Deur die verstand en die vrye wil onderskei die mens homself van alle ander skeppings waaruit die natuur bestaan. Derhalwe sou hy tot die gevolgtrekking kom dat daar 'n skeppende Gees bestaan, - Wie eweneens verstand en vrye wil – dus Wysheid en Krag - besit.

En as hy by hierdie gedagte uitgekom het, dan sou hy ook die sin en die doel van sy bestaan op aarde probeer deurdring en sal homself nie tevrede stel om maar net aan te neem dat hy slegs terwille van die aardse lewe geskape is nie.

Elke mens sou deur eenvoudige nadenke by hierdie resultaat kan uitkom, indien hy nie reeds die insig verkry het en **'n geloof in 'n God van Liefde, Wysheid en Almag**, uit Wie hy self voortgekom het, gehad het nie.

Tog word vele mense verwek, gepaardgaande met 'n uiterste verwydering van God, - deur mense waarin geen vonkie van liefde in hulself ontsteek is nie, **wat aan hulle lig sou geskenk het**, maar wie nog heeltemal in die mag van die teenstander van God is en wat nou hulle **vyandige gesindheid ook in die kind implant**, wat teen wil en dank deur hulle in die wêreld ingebring is en wie se siel deur die digste omhulsels omgeef is en wie **nou sonder lig en liefde sal grootword.**

Weliswaar hoef die wese van 'n kind nie altyd met die van die ouers ooreen te stem nie, daar kan ook 'n siel beliggaam word wat bewustelik die stryd teen die gevare van hierdie wêreld sal opneem, - maar meestal word **die gesindheid van die ouers op hulle kinders oorgedra** en dan kom daar mense in die wêreld in wat hulself maar net as willekeurig ontstane produkte van die natuur beskou en geen enkele band het met Diegene Wie ook eers Sy toestemming vir sy ontstaan gegee het, omdat die wil van die ouers ook vry is en

hulle natuurlike geaardheid die grondslag is vir die geboorte van kinders.

Maar ook by die kinders ontbreek dit nie aan denkvermoë en vrye wil nie, - sodat daar ook vir hierdie mense 'n weg is om uit die donker in die lig te kom. En ook hierdie mense het van God die liefdesvonkie in hulleself en **dit is vir hulle ook moontlik om dit te laat ontbrand.** En ook na hulle stroom goddelike genade toe.

Maar hierdie mense vertoef waarlik in die diepste duisternis, wat die doel van hulle lewe slegs in die aardse lewe self sien, wie self meen dat alles verby is op die oomblik van die dood en hulle **ook geen Mag bo hulleself wil herken en aanvaar nie**, want hulle gebruik ook nie die gawe van hulle verstand nie, hulle dink nie eenmaal na om vanuit 'n ernstige wil die waarheid te deurgrond nie, anders sou hulle onherroeplik tot ander insigte gekom het.

En so is dit ook daaruit af te lei dat **die geslagsdaad 'n wapen van die teenstander is**, wat hom dikwels die oorwinning oplewer in die stryd om die siele van die mense, want hy dryf die mense aan tot onbepaalde sinnelike genot waarin hulle geen weerstand ondervind nie. **Ongeremd** gee die mense hulself aan mekaar, ewenwel nie in liefde nie, maar slegs vanuit 'n **sinnelike roes**, wat selde iets anders as **die verwekking van duistere siele moontlik maak** en hierdie duisternis meestal daarin tot uitdrukking kom, deurdat elke basis om te glo, by hulle ontbreek, wat ook die bedoeling van die teenstander is.

Maar **hoogmoed** kan ook 'n siel, waarin die grondslae tot insig al voorhande was, verduister, wanneer die verstand homself in verwaandheid as bekwaam beskou om ook die grootste geheime te deurgrond. Dan het die teenstander ook sy doel bereik om die mens ongelowig te maak en sy denke in die war te bring . Amein.